

BOEKBESPREKINGS

DR. C. A. VAN PEURSEN, *Cultuur en Christelik Geloof*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1955, 109 pp.

Die probleem waarmee die skrywer hom besighou, nl. die verhouding van kultuur en Christelike geloof, is een wat in die afgelope jare baie geeste in beroering gebring het. Die bydrae van 'n deeglike en positiewe denker soos Dr. van Peursen kan ons alleen verwelkom.

Die eerste paar hoofstukke van die boek word aan 'n skets van die essensiële in kultuur gewy. „Cultuur is . . . het omvormen, waarbij de natuur vanuit bezinning en bedoeling gewijzigd wordt en waarbij de mens zelf zich gedurig hernieuwt” (p. 18). Daar is egter 'n dieper dimensie in kultuurwerkzaamheid wat die mens ervaar, nl. die „zône van het goddelijke” wat hom aan ons demonies of goddelik kan voordoen. Hiervandaan swaai die skrywer sy gesigspunt om en benader die kultuur vanuit die Christelike geloof.

Die boek bied nie juis iets werklik nuuts vir iemand wat bietjie op hoogte van die tema is nie. Dit is egter verfrissend omdat ons hier nie 'n kultuurpessimisme vind nie, maar 'n optimisme, wat egter nie in die mens gegrond is nie, maar in die feit dat die ganse kosmos uit die hand van God kom, deur God gedra word en op God betrek moet word. Ons vind ook nie die pogings wat al so dikwels herhaal is, nl. om die Christelike geloof radikaal van die wêreld en sy kultuur los te maak nie; Christelike geloof het 'n totaal ander oorsprong as kultuur, maar staan binne die kultuurwerkzaamheid van die mens en is die krag wat ook die kultuur herbore laat word. Die boek sluit af met die taak van die kerk en sy verkondiging ten opsigte van kultuur.

Die werkie is deeglik, baie lesenswaardig en ook netjies uitgegee. Hoewel daar baie punte van diskussie kan wees, wil ons hierdie boekie baie sterk by ons lesers aanbeveel.

P. S. DREYER.

* * *

DS. M. P. VAN DIJK, *Gesprekken met de Dood*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1956, 88 pp.

Ons het hier te doen met 17 sketse waarin die skrywer die probleem van dood en lewe in sy eksistensiële betrokkenheid in verskillende situasies

aanbied. Dit is subjektief, meesal in die eerste persoon en in dialoogvorm geskrywe.

Die laaste hoofstuk is die skrywer se oriëntasie ten opsigte van die probleem, waar hy die „ruimte van die lewe” in die verbondenheid met God en die „ruimte van die dood” in die vervreemding van God vind.

Die boekie het nie veel in nie, maar deur die oorspronklike benaderingswyse van die skrywer slaag hy daarin om die probleem van lewe en dood uit die abstrakte neer te trek en vir sy leser aan die lyf te bring; daarin steek baie waarde.

Die boekie is soos al J. H. Kok se produkte besonder mooi, netjies en sterk uitgegee.

P. S. DREYER.

* *

DS. C. GILHUIS (Red.), *Dagfinale. Een Avondboek voor Jonge Mensen*, 2de druk, J. H. Kok, N.V., Kampen, s.j.

Die boek bestaan uit bydraes van ’n hele aantal Gereformeerde predikante. Vir elke aand van die jaar is daar ’n stukkie van een bladsy lank. Die probleme wat behandel word en die taal waarin dit geskrywe is, is bereken om tot die jongmens van vandag te spreek.

Ek wil hierdie boekie ten sterkste aanbeveel. In Afrikaans het ons niks wat daarmee kan vergelyk nie en ons jongmense kan alleen wen met die lees van hierdie boek.

P. S. DREYER.

* *

PROF. DR. K. J. POPMA, *Inleiding in de Wijsbegeerte*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1956, 149pp.

Prof. Popma is ’n baie vrugbare en ook bekwame skrywer; ’n mens moet ook eerbied hê vir die groot terrein wat sy werke dek. Hy het egter een fout: hy is so eksklusief ’n aanhanger van die Neo-Calvinisme dat hy waardering vir niks anders kan hê nie.

Dieselfde swakheid kenmerk ook sy „Inleiding in die Wijsbegeerte.” As hierdie werk ’n inleiding in enigiets is, is dit ’n inleiding in die wysbegeerte van die wetsidee, want sy indeling, terminologie, metode, alles

is dié van die wysbegeerte van die wetsidee. Hy wil egter 'n inleiding in die wysbegeerte as sodanig gee. Die resultaat is 'n boek wat 'n gewone normale student maar liever links moet laat lê as hy 'n inleiding in die wysbegeerte wil hê. Gevorderde studente wat met die wysbegeerte van die wetsidee wil kennis maak, kan egter hierdie boek gerus lees.

Prof. Popma skryf 'n „Inleiding in de Wijsbegeerte” wat ek nie anders kan as om dit eerder 'n inleiding in die wysbegeerte van die wetsidee te noem nie. Is ek geregverdig om hieruit af te lei dat wysbegeerte vir die skrywer gelyk is aan wysbegeerte van die wetsidee? Wat nie wysbegeerte van die wetsidee is nie, sou dan geen wysbegeerte wees nie? Arme Plato, Aristoteles, Kant . . .!

P. S. DREYER.

* * *

DR. A. E. LOEN, *Inleiding tot de Wijsbegeerte*, 3e druk, Boekencentrum N.V., 's-Gravenhage, 1955, 191 pp.

Hierdie werk is so bekend dat dit nie nodig is om dit weereens te bespreek nie. Ons wil dit alleen weer aankondig en aanbeveel.

Loen is 'n wysgeer met 'n eie standpunt waarvan hy baie sterk oortuig is. Hierdie standpunt is merkbaar dwarsdeur sy werk. Dit is egter nie van so 'n aard dat dit die student belemmer om 'n deeglike inleiding in die wysbegeerte te kry nie. Maar dit is genoeg om van hierdie boek nie die maklikste inleiding wat daar bestaan, te maak nie. Studente wat reeds iets van wysbegeerte weet, kan met groot vrug hierdie werk ter hand neem.

S. P. DREYER.